NOTULE

Multi-laterale gesprek tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, die Reformed Church in Africa en die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Sinodale Sentrum, Bloemfontein. Woensdag 16 Augustus 2006

1. OPENING

1.1 Dr Coenie Burger spreek ‘n woord van welkom namens die vier moderators. Sy vertroue is dat die Here deur sy Gees iets groot in die dae sal doen.

1.2 Die moderators het ooreengekom dat na die verwelkoming en die bekendstelling daar eers ‘n rondte bi-laterale gesprekke tussen die kerke sal wees. Die vier kerke vergader eers hiérna saam. Almal is tevrede met die reëling.

1.3 Dr Allan Boesak lees uit 2 Kor 5 vers 11vv. Hy meld dat daar groot goed aan die gebeur was sedert 20 Junie 2006, en dat daar ‘n groot verantwoordelikheid rus op die kerke hier teenwoordig, veral met die oog op versoening en die land waarin ons woon. Vandag is die tyd, sê die Woord! Sy gebed is dat God in sy groot genade ons sal oorweldig. Dr Andries Hoffman gaan voor in gebed.

2. PRESENSIE

Die lede teenwoordig stel hulleself aan mekaar voor. Die presensie is soos volg:

2.1 Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika
- Ds Mochudi Lebone
- Ds Johannes Ramolahlehi
- Dr Sarel Corrie
- Dr Andries Hoffman

2.2 Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika
- Prof Thias Kgatla
- Dr Allan Boesak
- Ds Petrus Makoko
- Ds Collin Goeiman
- Ds David Malete
- Ds P Moloi

2.3 Reformed Church in Africa
- Ds Victor Pillay
- Ds Bennett Shunmugam
- Ds Maniraj Sukdaven

2.4 Nederduitse Gereformeerde Kerk
- Dr Coenie Burger
- Prof Piet Strauss
- Dr Nelus Niemandt
- Ds Elsje Büchner
- Dr Kobus Gerber

3. BI-LATERALE GESPREKKE

3.1 Die bi-laterale gesprekke word soos vol skeduleer:

3.1.1 NGKA en VGKSA, NGK en RCA

3.1.2 NGK en NGKA, VGKSA en RCA

3.1.3 NGKA en RCA, NGK en VGKSA

Daar word ook gereël dat die vier kerke geleentheid kry om afsonderlik te vergader.

4. DIE VIER MODERATORS SIT HULLE HARTE OP DIE TAFEL

4.1 Thias Kgatla

- Thias erken die slegte dinge wat met ds Lebone en NGKA gebeur het. Hy weet dat ds Lebone verneder is in die proses. Hy bied sy apologie aan namens die VGKSA. Hy vra vergifnis en dat vertroue weer herstel sal word.
- Die VGKSA wil ds Lebone en NGKA omhels en saam die pad stap.
- Die VGKSA het hulle dominees ontmoet oor die hofsake en aan gaan hulle adviseer dat dit die beste sal wees om die hofsake te los. Dit is nie swakheid nie, maar versoening. As jou broer iets teen jou het, gaan maak reg…
- Ons het julle seergemaak, maar: asseblief!
- Dink net wat mense sal sê, watter getuienis ons sal hê, as die VGKSA en die NGKA versoen sal word!
- Moet nie met die stereotipes werk wat sê dat ons maar kan baklei omdat ons mekaar se broers is nie.
- Ek pleit by julle!
- Hy bied ook sy apologie aan die RCA aan. Kom ons werk saam!
- As hierdie familie van gereformeerde kerke kan verenig, kan ons die koers van hierdie land verander.
- Ek het nie veel om te sê nie… wil net aplogie aanbied.
- Hy bied ook weer sy apologie aan NG Kerk aan: kom ons werk saam, kom ons aanvaar die weg van Jesus.

4.2 Victor Pillay

- Ons is geraak deur die familie se houding teenoor ons.
- Ons het gehoor van die stryd tussen ander lede van die familie- was nie deel daarvan nie.
- Hy is bly oor nuwe gees wat hy bemerk.
- Hy bied ook apologie aan aan VGKSA aan, in besonder indien hulle in die steek gelaat gevoel het.
- Dankie aan die VGKSA vir hulle houding oor Belhar: dit het dit moontlik gemaak om vandag hier te kan wees.
- Ons het bekommernisse: hoe word ons as klein kerk in die proses akkomodeer? Ons is “evangelical”, is “missional” in ons benadering. Die RCA is bekommerd oor die liberale goed wat in kerke insluip. Hy pleit vir ‘n eenheid wat Christus-gesentreerd, Bybels-gefundeerd, en gebou op die gereformeerde konfessies is.

4.3 Coenie Burger

- Ons is familie en moét saamkom. Ons as NG Kerk het julle as ons familie nodig. Coenie hoop ons kan by ‘n punt kom dat ons nou ernstig met die proses kan begin.
- Al ons kerke het sterk besluite oor en verbintenisse aan kerkhereniging. Ons moet nou begin om iets daadwerklik te doen. Ons moet ons erns wys.
- Ons moet ook ernstig wees oor ons verskille, dit op die tafel sit en hanteer. Ons moet ons harte oopmaak oor ons kommer en dit hanteer.
- Gebrek aan vertroue was deel van ons bestaan, veral ogv ‘n klomp misverstand oor baie sake. Ons moet tyd gee en geleenthede skep om vertroue te herstel. Ons moet vir mekaar sê dat ons pyn het en moet dit saam hanteer.

- Die NG Kerk moet dalk haar apologie oor apartheid herbesoek en vir die kerke van ons familie vra wat ons aan hulle met apartheid gedoen het, en aan die proses. Ons moet verantwoordelikheid aanvaar vir wat ons gedoen het. Hy bied ook weer aplogie aan die NGKA en die RCA aan. Coenie sê vir Oom Lampies dat ons jammer is hulle het in 90's gevoel ons het hulle in steek gelaat.
- Ons moet begin om goed saam te doen.
- As mense vra hoekom is die Kerkhereniging so belangrik, is een van die redes wat ek gee die bydra wat ons saam kan maak in ons land en in Suidelike Afrika. Ons kan nie 'n verskil maak as ons alleen in ons eie groepe na God wil luister nie.
- Ek hoop ons kan nou met die proses begin.

4.4 <u>Lampies Lebone</u>

- Hy is jammer hy het die afgelope tyd nie die vergadering in Pretoria bygewoon nie. Hy dink hy het fout gemaak.
- Hy dank God vir die geleentheid vanmiddag, en vir die apologie van die kerke. Dankie aan God wat die geleentheid gegee het.
- Oom Lampies sê hy moes al afgetree het, maar sy wens is dat as hy aftree ons een kerk sal wees. Hy weet hy staan dalk soos Moses wat net die beloofde land sien.
- Die NGKA het nie na VGKSA se sinode in 2005 gegaan nie omdat hulle nie versoen is nie. Ons sê lelike goed vir mekaar… en dan mooi wense.
- Die NGKA het baie goed plaaslik aan die VGKSA gedoen… ons sê ons is jammer daarvoor.
- Daar is geen verskille met die RCA nie. Hulle wil altyd vir ons bid. Dankie.
- Die NG Kerk en die VGKSA baie keer vergader en die NGKA was nie deel nie. Hulle voel hulle moes eintlik aansoek doen om deel te neem. Na die besluite van Esselenpark het hulle gevoel alles is klaar besluit en hulle is nie deel nie. Ons kyk terug na al die jare en sien dieselfde goed. Maar vanoggend het ons 'n nuwe VGKSA ontmoet, 'n voorsitter wat pleit vir versoening. Toe Allan die aankondiging oor die geboue doen, het ek besef nou is dit die tyd vir versoening.
- Wat gaan ons nou doen om dankbaarheid te wys? Ons wil een van die kerke wees op pad na kerkhereniging. Ons sal hierdie dag se gebeure kommunikeer en sal vra dat ons mense hulle harte draai.
- Wat beteken dit dat Belhar nie meer 'n struikelblok is nie? Ons het nog nie hieroor duidelikheid nie en moet nog hieroor praat.
- Die NGKA sal graag hulle modelle op die tafel sit: hulle wil nie net verdwyn nie.
- Dankie aan Thias en Coenie en Victor!! Hy gee hulle elkeen 'n druk!!

Enkele response van die vergadering op die insette van die moderators:
= Piet Strauss is baie gelukkig oor wat gebeur het- daar is vreugde by hom. Ons het oor baie detail nie gepraat nie, maar ons is oppad!
= Andries Hoffman vertel dat dit vir hom baie moeilik was om die brief te skryf wat sê die NGKA kom nie Pretoria toe nie. Vandag weet hy dat wat God begin het nie gestop kan word nie. In die saamstap sal ons mekaar oor en oor moet vergewe, aanhou liefhê, volhard, nederig bly en nie arrogant wees nie.
= Kobus Gerber sê dat hierdie proses 'n saak is waarvoor hy sy lewe sal gee.
= Maniraj Sukdaven se ervaring was dat ons hier God eerste gestel het en dit wat ons beleef het 'n stuk aanbidding was. In die verlede het ons gepraat maar mekaar nie gehoor nie as gevolg van verborge agendas en suspisies. Ons het mekaar in Bloemfontein vertrou!
= Ds Moloi doen 'n oproep op die Vrystaat en Phororo om die lig van die Here te wys! Hy wil graag sê: *My gees, my siel, my liggaam…*

= Victor Pillay sê in die verlede het mense ons bymekaar probeer kry. Ons is nou hier bymekaar omdat God ons hier bymekaar gekry het. Al die eer aan God wat hierdie proses in ons begin het.

5. BESLUIT

5.1 Die gees en die besluit van die vergadering word weergee in die verklaring wat na die byeenkoms opgestel is:

VERKLARING DEUR DIE MODERATURE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN AFRIKA, DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA, DIE REFORMED CHURCH IN AFRICA EN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Die Moderature van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, die Reformed Church in Africa en die Nederduitse Gereformeerde Kerk het op 16 Augustus 2006 in Bloemfontein ontmoet om te praat oor kerkhereniging en die vier kerke se pad vorentoe. In ons gesprekke het ons reguit en openlik gepraat oor ons pad saam met mekaar tot hiertoe, en ook oor die weg vorentoe.

In 'n gees van Christelike liefde het die partye mekaar om verskoning gevra vir die baie onregte wat hulle mekaar in die verlede aangedoen het. Al die partye het hierdie verskonings onvoorwaardelik aanvaar.

Die vier Moderature het eenparig 'n verbondsverbintenis aangegaan ten opsigte van die hereniging van die NG Kerk-familie. Versoening sal 'n onontbeerlike faset van die proses van hereniging tussen ons wees. Ons gebruik die woord "verbondsverbintenis" omdat ons onsself en die proses van eenwording onder die gesag van die woord van God en die wil van Christus wil bring. Ons maak die verbintenis nie uit onsself nie en ook nie onder die druk van politieke en sosiale prosesse nie, maar doen dit omdat ons glo dat die Here wat Hom in genade aan ons verbind het dit van ons vra.

Met betrekking tot die sake op die tafel het ons onsself verbind om nederig en geduldig met mekaar te wees, en die band wat die Here in ons familie geskep het, te koester. 'n Deel van hierdie proses is dat ons gemeentes en alle ander kerklike strukture oproep om aan te hou om versoening, onderlinge gemeenskap, onderlinge ondersteuning en samewerking te soek.

'n Eerste tree in die proses is 'n vergadering van ons uitgebreide leierskappe op 6-8 November 2006. Die Moderamens / Algemene Sinodale Kommissies van die vier kerke asook die Moderature van die verskillende streeksinodes sal dan vergader. 'n Interimkomitee is gevorm wat bestaan uit die vier Moderators en die vier Skribas van die kerke. Die Interimkomitee sal al die voorbereidings doen vir die historiese vergadering in November.

Die Moderature het ook besluit om 'n Trustfonds vir Kerkhereniging te stig. 'n Oproep sal gedoen word na al ons strukture en lidmate asook ons vriende in Suider-Afrika en oorsee om tot hierdie fonds by te dra en om ons so te help om ons droom te realiseer.

Ons verbly ons in die Here! Ons gee Hom al die eer! Weereens het Hy ons verras met sy liefde en genade vir hierdie familie van Kerke.

<u>NGKA:</u> Ds M Lebone, ds J Ramolahlehi, dr S Corrie en dr A Hoffman
<u>VGKSA:</u> Prof T Kgatla, dr A Boesak, ds P Makoko, ds C Goeiman, ds D Malete en ds P Moloi
<u>RCA:</u> Ds V Pillay, ds B Shunmugam en ds M Sukdaven
<u>NGK:</u> Dr C Burger, prof P Strauss, dr N Niemandt, ds E Büchner, dr K Gerber en dr H Koornhof

Bloemfontein: 16 Augustus 2006

5.2 Daar is soos volg <u>besluit</u> tov die <u>opdrag van die Interimkomitee</u>:
5.2.1 Die IK reël die vergadering van 6-8 November 2006
5.2.2 Bepaal ‘n datumskedule vir die herenigingsprosesse en lê dit aan die vergadering van 6-8 November 2006 voor.
5.2.3 Stel die verklaring namens die Moderature op (vgl hierbo).
5.2.4 Reël met die vier kerke om alle sake wat tans op hulle agendas is, te lys en ook aan te dui watter gesamenlike kommissies gevorm kan word om aan sake aandag wat al vier kerke kan raak. Met hierdie werkwyse begin die kerke dadelik om saam op reis te gaan met algemene sinodale werksaamhede.
5.2.5 Die IK reël met die vier Moderature om aan te dui wat die sake (*issues*) is wat tydens die vergadering in November hanteer moet word.
5.2.6 Die IK berei die Bybelstudies en liturgie voor vir die vergadering in November.

5.3 Die Moderature kom ooreen dat die onderskeie kerke solank kan begin om met hulle gemeentes oor die proses te kommunikeer. Kerke word gevra om eers hulle FAQ-blaaie met mekaar uit te klaar.

5.4 Die vergadering neem kennis van die VGKSA se advies aan hulle gemeentes tov die hofsake oor eiendomme, nl indien die gemeentes van die VGKSA en die NGKA mekaar nie kan vind nie die gemeentes van die VGKSA as gebaar van versoening eerder afstand moet doen van die geboue in die lig van twee belangrike uitgangspunte: (a) hulle rentmeesterskap tov die Here se geld wat op hofsake bestee word, en (b) dat Christene nie met mekaar hof toe gaan nie. Hierdie advies word persoonlik deur prof Kgatla en dr Boesak oorgedra aan ‘n gesamentlike byeenkoms van die Moderature van die sinodes van die VGKSA en die NGKA in die Vrystaat en Phororo op 28 Augustus 2006.

6. <u>AFSLUITING</u>

Die vergadering sing staande *Bind us together* en gaan daarna oor in ‘n dankgebed waaraan ‘n groot aantal moderatuurslede deelneem.

Die vergadering verdaag om 21:00 met verligte en glimlaggende moderatuurslede wat mekaar groet.